VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

18 Okt	**Dj Stoop,** Sellschopstraat 3, ☎ 018 297 4082. Wyk E2
19 Okt	**Marietjie Havenga,** Pieter de Villiersstraat 40, ☎ 072 142 2922. Wyk A6
	Dylan van Lith, Louis Leipoltstraat 10.
22 Okt	**Tjaart du Plessis,** Wilriepark 2, ☎ 082 628 8107. Wyk B2
	Lola Kruger, Huis Anna Viljoen, ☎ 083 476 5757. Wyk B5
23 Okt	**Nandi Claassen,** San Michelle 22. Wyk B3

VAN ONS DIAKONIE

KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. **Vanoggend** by die deure vir **Bybelverspreiding**
Vanaand: **Diens van Barmhartigheid en Kerkkas.**

Die spesiale kollektes in Oktober gaan vir:

Sondag	4 Oktober	Emeritaatsfonds
Sondag	11 Oktober	Emeritaatsfonds
Sondag	18 Oktober	**Bybelverspreiding**
Sondag	25 Oktober	Thusofonds

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.
Daar is ook **lidmate** in ons gemeente wat in hierdie tyd **geen inkomste** het nie. Dit mag van die diakonie nog meer hulp vra as gewoonlik. Ons is die een liggaam van Christus wat in sy liefde na mekaar moet omsien.

Diakonie:	**Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad:	**Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters:	**Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
	Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 36, nr 41 Sondag 18 Oktober 2020
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste. Ouderlinge van wyke **B5** en **B6**: **Wyk B5 Paul Schutte en wyk B6 is Flip Mostert.**
Diakens: Wyke **B5 en B6 is vakant.**

EREDIENSTE **Oggend prof Naas Ferreira**
Die whatsapp-diens vanaand deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Lidmate kan die preek op ons whatsapp-groep **GK Potchefstroom preke** en ook op internet www.gkpotchefstroom.co.za volg.

Die diens vanoggend word waargeneem deur **prof Naas Ferreira**. Ons bid hom die seën van die Here toe op die prediking.

OGGEND: Votum en seëngroet: Lofpsalm: Psalm 90: 1 en 9
Geloofsbelydenis. Wet van God; Psalm 25: 4 en 7.
Gebed. Psalm 95: 1 en 4
Skriflesing: Matteus 27: 15 - 26 (teks: vers 17)
Preek. Dankgebed. Psalm 2: 1 en 6. **Slotseën**
Tema: Opspraakwekkende hofsake met skares mense wat wispelturig saamdrom. 'n Hartstogtelike soeke na vryheid van aardse onderdrukking. Twee persone met die naam Jesus (betekenis van die naam - verlosser), Jesus Barabbas (beteken: seun van die vader) en Jesus Christus (beteken Gesalfde). Die hoogtepunt (volheid) van die tyd. Wie moet ek vir julle loslaat? vra Pilatus. Die vraag eggo deur die eeue waar menseharte roep om vryheid: Wie om te volg? Die Jesus van die VUIS (die seun waarop 'n vader trots kan wees), of Jesus van die KRUIS? Ons moet ook weer vandag dringend daaroor nadink. Wie en hoe om waarlik navolger(dissipel) te wees.

AAND: Skriflesing: Johannes 1
Kategismus: H K Sondag 14;
SING: Skrifberyming 1: 1, 6 (Tema 4 - 1); Skrifberyming 2: 1, 4 (Tema 4 - 2); Skrifberyming 5: 1, 2 (Tema 4 - 8).

Ds Koos Mouton sal vanmiddag om 15:30, die erediens by Huis Eikelaan waarneem.

LIEF EN LEED



Ons dink steeds aan **Magda Viljoen** en Hennie 079 408 2835 en die dogters Carina en Anelri in ons gebede. Mag ons troue Verbondsgod die behandeling ryklik seën. Magda het die afgelope week weer chemoterapie ontvang.

Ons gebede gaan ook steeds op tot ons hemelse Vader vir **Sonja** 072 776 3700 en **Tinus Venter** en ook vir Sonja se pa wat ook met kanker gediagnoseer is. Mag die Here hulle in sy liefde en genade toevou in hierdie tyd en in sy almag ook genesing gee.

Ons doen ook weer 'n beroep op bydraes vir die fonds waarmee die breë kerkraad begin het om vir Tinus en Sonja te help met die hoë mediese uitgawes. Enige bydrae is welkom en kan in die rekening van die diakonie inbetaal word waarvan die nommer in Op die Kerkwerf verskyn. Ons vra ook dat u die fonds bekendstel by kennisse en familie buite ons gemeente wat moontlik 'n bydrae kan maak. Ons innige dank aan die lidmate en persone/instansies buite ons gemeente wat reeds 'n bydrae gemaak of beloof het.

Ons is baie dankbaar teenoor ons hemelse Vader dat die operasie van **Faans Steyn** goed afgeloop het het. Ons bede is dat hy volkome mag genees. Ons bid ook vir **Ina** 073 886 3298 en hulle kinders en ander dierbares die ryke seën van die Here toe.

Ds Abie Pelser is uit die hospital ontslaan en oorgeplaas na Eikelaan se versorgings-eenheid waar sy vrou **Magrieta** 082 921 5514 ook aansterk na haar heupvervanging. Ds Abie is egter met ernstige kanker gediagnoseer. Dit is 'n groot skok en beproewing. Ons bid hom en Magrieta, hulle seun Abrie en sy gesin, en ander dierbares die krag en genade van ons troue Verbondsgod toe. Mag Hy as die God van alle vertroosting hulle ryklik versterk in hierdie tyd.

Leone Malan 073 376 5321 was die afgelope week vir 'n opvolgondersoek na haar rugoperasie en die geneeshere is baie tevrede met haar vordering. Ons dank die Here vir sy ryke genade en bid haar en Nico krag toe vir die verdere herstelproses.

Dit gaan ook steeds nie goed met **Susan Nortjé** 079 781 0499 se gesondheid nie. Sy het die afgelope week 'n ligte beroerte gehad. Ons bid haar en Koos en hulle dierbares krag en genade toe. **Koos** 079 760 3602 self kry ook swaar met al die mediese onkoste wat hulle het en sy gesondheid is ook nie goed nie.

'n Suster van Bennie du Plessis is Vrydagmiddag oorlede. Ons bid hom en Wymie en al sy ander dierbares die vertroosting van ons hemelse Vader toe.

VAN DIE KERKRAAD

Beroeping van 'n Predikant

Geagte Broers en Susters

Op 'n vergadering van **11 Oktober 2020** het die Breë Kerkraad besluit om die volgende tweetal aan die gemeente voor te hou:

Ds Marnix Boersema van Graaff-Reinet en Ds Jannes van Dyk van Ventersdorp

Die verkiesing sal DV **Sondag 25 Oktober 2020** gedurende 'n **Gemeentevergadering** plaasvind.

Ons vra u voorbidding vir hierdie saak.

Flip Mostert. Voorsitter: Bedieningskommissie

Ds Jannes van Dyk (40) is getroud met Yolandé en hulle het 'n seun en dogter.

Ds Marnix Boersema (28) is getroud met Clarinda en hulle het 'n seun en dogter.

KATEGESE: Katkisasie vir die **katkisante van Graad 10 en 11** Woensdagmiddag in die Ou Kerkie gaan voort. Die katkisasie vir die dooplidmate op Sondae, sal weer volgende jaar hervat.

Vandag Sondag 18 Oktober moet julle Les 24 en Psalm 33:5 ken.

Maandag 19 Oktober lees Hoofstuk 29 van *Laat my lammers wei.*

Sondag 25 Oktober geen kategese.

Die **Bybelstudie by Huis Eikelaan** vind DV plaas op Dinsdagmiddag 13 Oktober om 15:00 in die saal.

PREEKBEURTE IN Oktober/November 2020

18 Okt	Oggend	Prof Naas Ferreira	Aand	Prof Callie Coetzee
25 Okt	Oggend	Ds Daan Bakker	Aand	Prof Callie Coetzee
1 Nov	Oggend	Prof Chris van der Walt	Aand	Prof Callie Coetzee
8 Nov	Oggend	Ds Piet Venter konsulent	Aand	Prof Callie Coetzee
15 Nov	Oggend	Prof Ferdie Kruger	Aand	Prof Callie Coetzee
22 Nov	Oggend	Ds Koos Mouton	Aand	Prof Callie Coetzee
29 Nov	Oggend	Ds Dirk Laufs	Aand	Prof Callie Coetzee

Kassiersverslag vir die tydperk 1 Maart 2020 tot 30 September 2020

OPSOMMING INKOMSTE EN UITGAWES	WERKLIK	BEGROOT	VERSKIL
Inkomste	1 151 396.39	1 223 852.00	- 72 455.61
Uitgawes	- 801 991.85	- 1 334 753.00	532 761.15
Surplus	**349 404.54**	**- 110 901.00**	**460 305.54**

Banksaldo op 14 Okt 2020	**95 335.06**
Geldmark Jeug op 14 Okt 2020	**126 106.43**
Geldmark GK Potchefstroom op 14 Okt 2020	**378 466.70**
Glazier Belegging aanvangsbedrag op 12 /02/2015	**1 200 000.00**
Onttrekkings	205 000.00
Sluitingsbalans op 31/08/2020	**1 812 703.50**

Opmerkings oor verslag:

1. Inkomste werklike ontvang, R 72 455.61 minder as begroot hoofsaaklik as gevolg van :

1.1 Kontant kerklike bydraes ten bedrae van R 81 593.78 wat nog nie ontvang is nie.

2. Werklike uitgawes R 532 761.15 minder as begroot, aangesien ons nie tans 'n predikant het nie.

Woonstel in Umhlanga Rocks beskikbaar van 11 Desember tot 26 Desember 2020. R 1 200 per nag. Ruim woonstel sentraal geleë. Slaapplek vir 6 - 8 persone, stapafstand van die strand. Skakel Jana vir bespreking of inligting. 076 738 7468.

Omgewingspitkos

Die merkwaardige van die Bybel is dat dit nie begin met 'n bekendstelling van God nie, maar met 'n magtige proklamasie: *In die begin het God die hemel en die aarde geskep* (Gen. 1:1). Geen wetenskap kan tot hierdie wysheid kom nie. Dit is 'n besondere openbaring wat God deur sy Woord gemaak het. Hoe God geskep het en wanneer Hy dit gedoen het, word nie geopenbaar nie. Wel waarom Hy dit gedoen het: *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê* (Joh. 3:16).
Vanuit hierdie geloofsperspektief word ons verwondering oor God se almag steeds meer en meer soos ons kennis oor die omvang van die skepping groei.

GEREFORMEERDE PUBLIKASIES

(Calvyn Jubileumboekefonds = CJBF)

Bestel by: Administratiewe Buro

E-pos: bestellings@gksa.co.za

Tel: 018 297 3986

Prys R90.00 (verpakking en posgeld uitgesluit)



BybelSA-app Het jy al die BibleSA-app op jou foon afgelaai? Die BibleSA-app gee jou gratis toegang tot die Bybel in al 11 amptelike tale van Suid-Afrika.Selfs wanneer jy nie aanlyn is nie. Daar is ook verskeie Oudiobybels waarna jy kan luister wanneer jy wel aanlyn is. Wanneer jy vir jou 'n rekening geskep het, kan jy die Bybel deur 'n verskeidenheid leesplanne, daaglikse oordenkings verken, terwyl jy ook die opsie het om elke oggend 'n Bybelvers te ontvang. www.biblesa.co.za

ALMANAK VIR 2021

Almanakke vir 2021 kan bestel word by:
Pieter 082 923 1384, Malie 072 373 7361 of die Kerkkantoor 018 294 4600 **voor 19 Oktober.**
Koste R90 betaalbaar by bestelling of by afhaal (vanaf 11 November).